
Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, January 20, 2022

Page: 24





# Spaarwenke vir die nuwe jaar

**Ons wil almal vir onsself welvaart skep. Harde werk is een manier. Die ander is om die geld wat jy verdien het, vir jou te laat werk. Hier is 'n paar wenke.**

Ek kry baie keer dié vraag van lesers: Waarin moet ek belê?

Jammer, daar is eenvoudig nie een antwoord wat vir almal gepas gaan wees nie. Elkeen se doelwit is anders. Vergeet eerder van die vraag en dink aan wat jy wil bereik.

Daar is twee faktore wat uitstaan. Hoeveel tyd het jy? En het jy toegang tot ander geld in 'n noodgeval?

As jy tyd aan jou kant het, kan jy meer belê in aandele. Jy het tyd nodig omdat aandele oor 'n lang tydperk die beste opbrengs lewer. Op kort termyn kan dit egter wisselvallig wees. Markte beweeg, en jy wil nie genoodsaak wees om geld te onttrek op 'n tydstip dat die mark gedaal het nie.

Op kort of mediumtermyn kan jy meer in effekte en selfs kontant belê om die wisselvalligheid te temper. Maar belangrik, as jy groei oor 'n lang tydperk soek, bly aandele die bateklas om in te wees.

## VERGEET VAN TYDSBEREKENING

Ek hoor baie keer mense praat van "die regte tyd om te belê". Kry dit uit jou kop uit. Jy gaan jou geldvingers brand as jy die mark probeer "speel". Baie min mense kan die bo- en onderpunt van die mark korrek voorspel.

Moenie wag vir die mark om te draai nie. Navorsing het al gewys al kry jy dit 100% van die tyd korrek, is die verskil in opbrengs oor 'n lang tyd maar sowat 1%.

Wag en kyk? Navorsing in Amerika het gewys dat die gemiddelde bulmark oor 'n aantal jare groei van meer as 104% gehad het. Die gemiddelde beermark het 28% opgelewer.

Die grootste groei op die mark (sowat 60%) vind plaas binne die eerste 20% van 'n bulmark. Dit is juis die tyd dat mense uit vrees vir 'n mark wat gedaal het, nie wil belê nie.

Navorsing oor 20 jaar oor die Suid-Afrikaanse aandelemark wys as jy vir die volle tydperk belê het, was die groei 17,6% per jaar. Het jy die beste tien dae misgeloop, was dit net 12,6%. En as jy die beste 20 dae misgeloop het, was jou opbrengs net 10%.

Die boodskap? Kom in die mark.

## DIVERSIFIKASIE

Baie mense verstaan diversifikasie verkeerd. Dit gaan nie daaroor om jou geld in bietjies tussen batebestuurders te verdeel nie.

Diversifikasie gaan oor die bestuur van die wisselvalligheid in die onderskeie bates.

Jy probeer om die risiko te beperk sonder om die beleggingspotensiaal aan bande te lê – dus 'n balans tussen konserwatief (beskerming van kapitaal) en aggressief (geleentheid vir groei).

Kyk ons na opbrengste oor 'n jaartydperk verlede jaar, het aandele -4,6%, eiendom -42,4% en effekte 6,1% opgelewer. En toe in net een maand het dieselfde bateklasse onderskeidelik 10,4%, 17,5% en 3,3% gegroei.

Soos met ál jou geldsake, kry kundige advies. Beleggings gaan oor meer as net die besluit waarin om te belê. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**, **Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.